

Poësiechroniek V

In 1936, die jaar van haar mondigwording, word Elisabeth Eybers die eerste vrou wat 'n digbundel in Afrikaans publiseer. Die titel daarvan is *Belydenis in die skemering*. D.J. Opperman skryf in sy destyds epogmakende studie *Digtters van Dertig* (1953), wat aanvanklik as proefskrif onderneem is, soos volg oor Eybers se poësie (s.j., vierde druk: 351):

Eers met die Dertigers — daardie geslag by wie ons reeds so 'n hoë gehalte van werk aantref — kry ons die vroulike aanvulling in ons letterkunde: in die poësie met Elisabeth Eybers en in die prosa met Hettie Smit.

Vandag klink hierdie stelling enigsins paternalisties en fallo-sentries, al het Opperman dit waarskynlik nie destyds so bedoel nie. Eybers is lank reeds geen "aanvulling" tot die Afrikaanse letterkunde nie — trouens, 'n mens sou jou kon afvra of sy dit ooit was. Sy is vandag, in haar tagtigste lewensjaar en as digter van altesaam sewentien enkeldigbundels in Afrikaans, een van die belangrikste en een van die fynste digters wat ons letterkunde tot dusver opgelewer het.

Die hoë peil van Eybers se poësie, wat ook uit haar jongste digbundel spreek, het waarskynlik met haar kritiese ingesteldheid jeens haar eie digwerk en haar toewyding aan haar ambag te make. Die kompromislose oog waarmee sy haar eie poësie bekyk, blyk veral daaruit dat sy in *Gedigte 1936-1958*, 'n bundel waarin die poësie van die eerste 22 jaar van haar digterskap in 1978 byeengebring is, van haar debuutbundel slegs ses gedigte opneem. Ook uit twee ander bundels, *Die stil avontuur* en *Neerslag*, word in hierdie versamelbundel enkele gedigte weggelaat.

Elisabeth Eybers: *Nuweling* (Kaapstad: Human & Rousseau, 1994)

Nuweling verskyn 58 jaar na Eybers se debuutbundel. Dat die bundeltitel sommige lesers van haar poësie verras het, is duidelik uit 'n oorsig van die resepsie van hierdie bundel. Waarom sou 'n bykans tagtigjarige digteres haar sewentiende digbundel as 'n "nuweling" beskou? Met hierdie titel het Eybers daarin geslaag om sommige lesers se verwagtingshorison te deurbreek en, soos telkens vantevore, reggekry wat seker een van die moeilikste take moet wees van 'n digter met 'n omvangryke oeuvre wat oor dekades heen strek: om nie voorspelbaar te word nie, hetsy tematies of verstegnies.

In haar mees onlangse digbundels skryf Eybers toenemend oor die ouderdom. Die liggaam word broser en breekbaarder, wil eiesinnig nie meer die onblusbare gees se eise gehoorsaam nie — kán dit nie meer doen nie. In "Meteorologie" beskryf die spreker haarself as 'n "ploeterende koestende mensekind" wat fisiek geen verweer teen die "smerige hemel en woedende wind" kan bied nie. Sy is gevolglik tot haar woning ingeperk. Haar enigste verweer hierteen, soos teen so baie ander dinge, lê in haar woordvermoë, en ook dit, voel sy, is in hierdie geval ontoereikend. Sy kan "slegs vir die goeie orde noteer/ dat sy reken dis meer as genoeg vir een keer".

Gepaardgaande met die bewustheid van toenemende fisieke onvermoë gaan ook die bewustheid van die dood. Sy word geraak deur die dood van "medebejaardes", soos die titel van een van haar gedigte in "Nuweling" lui; ook, en ten diepste, deur die dood van haar geliefde metgesel van baie jare, soos verwoord in die slotgedig, "Laaste skof":

Buite die sleur van bate en verlies
het jy 'n skaduryke nis gekies;
terwyl ek wakker lê en met jou praat
blyk jy nog steeds geneë tot beraad.
More begin ons sáám 'n nuwe dag
omdat ek dit nie sonder jou vermag.

Die besef van die onafwendbaarheid van die eie dood staan in talle gedigte voorop. Die openingsgedig van die bundel, "Snags", kondig dit trouens reeds aan:

Ja, hier is ek nog en miskien hoef ek nooit weg te gaan
dink jy dan wanneer jy wakker skrik diep in die nag.

Die "weggaan" dui nie meer op die spanning Suid-Afrika versus Nederland nie, maar op die weggaan na die "skaduryke nis" ("Laaste skof"), dié ruimte "waar al die verdwene wat nie wil verdwyn op jou wag"; dit dui op die "nog betrokkener" word by die oneindigheid ("Snags").

In die lig van die bewustheid van die naderende finale "weggaan" is die oënskynlik paradoksale bundeltitel dan te verklaar. In die titelgedig word te kenne gegee dat 'n mens nie maar net kan sterwe nie: deur die lewe, deur "te leer, te ver-leer of ter harte te neem" word elke mens as 't ware voorberei om te kan of mag sterf. En, beweer die spreker, sy is nog "jammerlik groen en oningelig,/ nog te amateuragtig om te verdwyn".

Nie net is sy dus nog 'n "nuweling" in die proses van skoling wat haar op sterwe moet voorberei nie, maar die proses van sterwe kan geïnterpreteer word as 'n geboorte in 'n ander ruimte of ander bestaan waar sy as "nuweling" tereg sal kom.

Op grond van só 'n interpretasie sou 'n mens kan beweer dat 'n sirkelgang hom in die poësie van Eybers voltrek: in haar vroeë poësie skryf sy oor geboorte, oor die skenk van lewe; in haar jongste poësie skryf sy oor 'n proses van "geboorte" in 'n ander lewe. So beskou, is die dood sowel 'n afsluiting as die begin van 'n nuwe begin.

Deur die ouderdom word die mens fisiek ingeperk. Die bejaarde se wêreld word klein, en daarvan is Eybers haar ten volle bewus. Die ouderdom leer 'n mens egter ook om jouself te ken, om vrede met jouself te maak en om jou lewe op 'n afstand in perspektief te beskou. Jy kom, soos "Skets vir 'n biografie" dit stel,

... baie later tot die weldadige ontdekking
dat jy nie die enigste dwaas is wat die aardbodem bewandel
maar tog gaandeweg liewer vertoef in jou eie
geselskap dan elders[.]

Bewustheid van die digterskap is 'n deurlopende kode in die Eybers-oeuvre. In talle gedigte in *Nuweling* spreek sy haar oor die digterskap en die skryfambag uit: "Snelrym", "Ekologie", "Maakwerk". In "Sewe dae op die rand van tagtig" bely sy haar onwrikbare beoefening van die poësie:

maar aan ou gewoontes meedoënloos trou
met 'n onweerlegbaar deurwinterde oor
voeg jy woorde byeen wat jou troos en bekoor,
of mens dit nou as uitvlug of toevlug beskou.

Eybers kan haar poësie na waarde skat, en sy onderskat haar leser nie. Sy weet ook al te goed dat haar ervarings uit die klein, persoonlike wêreld geput word, en dat hierdie wêreld deur die beperkinge wat die ouderdom oplê steeds kleiner en meer persoonlik word. In die gedig "Liewe leser" vra sy dan:

Ja, ek weet hoe ek-sentries vertoon
my tuisgemaakte heelal,
die wêreldjie wat ek bewoon,

my drang om dit steeds uit te stal
op so 'n eenpersoonskaal — maar miskien
kan jy iets van jousef daarin sien?

Die digter spreek die hoop uit dat haar poësie deur 'n universaliteit gekenmerk word, dat dit ook vir en van ander mense se lewens 'n geldigheid, en dus 'n bestaansreg, besit. Daar kan min twyfel wees dat dit van Eybers se poësie waar is. Hierdie digter skryf oor die mees alledaagse, maar ook oor die mees intieme en openbarende dinge, en sy doen dit op so 'n manier

dat dit nooit sensasioneel word nie. Die mens Eybers bly privaat, bly waardig; die ervarings, hoe persoonlik dan ook, word veralgemeen in die positiewe sin van die woord.

Dit kry Eybers voortreflik reg deur gebruik te maak van ironie. Die vermoë tot relativering, tot selfspot, is waarskynlik een van die aantreklikste eienskappe van Eybers se digkuns. As voorbeeld hiervan kan 'n mens die gedig "Kliniese hipotese" uitsonder: Eybers wéét om "vir albei betrokkenes" — en dit mag 'n mens dan oordragtelik as digter én leser interpreteer — "'n oomblik van grasia" te skep.

Ook op verstegniese vlak bly Eybers aan haarself getrou, maar sonder om stereotiep te raak. Haar gedigte word steeds deur 'n vormbewustheid en 'n voorliefde vir die formele vers gekenmerk, maar terselfderyd ook deur 'n soepeler omgaan met byvoorbeeld die rym.

Dat Eybers een van die mees gewaardeerde digters van ons tyd in sowel die Afrikaans- as die Nederlandstalige literêre wêreld is, word afdoende bewys deur die talle bekronings van haar werk met feitlik al wat 'n belangrike literêre toekenning is, deur die uitgawe van 'n *Versamelde gedigte* in 1990, en 'n uitgebreide heruitgawe daarvan in 1995, deur talle vertalings van haar gedigte, deur feespublikasies met die oog op haar tagtigste verjaardag, soos die bundel *Uit en tuis*, wat deur Hans Ester en Ena Jansen saamgestel is, en deur die navorsing wat reeds oor haar poësie onderneem is en steeds onderneem word (bv. die pas verskene *Die gespitste binneblik* deur J.C. Kannemeyer en *Die enkel taak* deur Lina Spies).

In Eybers se digterskap word die Europese en die Afrika-dimensies van Afrikaans op voortreflike wyse versoen, en lewer sy 'n besondere bydrae tot die Dietse literatuur.